

## On-onthou tussengeslagtelike jeugstryde by die Universiteit Stellenbosch

**Gideon Basson & Rabia Abba Omar\***

Die volgende het op 'n plakkaat by 'n onlangse saamtrek teen rassisme by die Universiteit Stellenbosch (US) verskyn: "Still fighting the same fight you fought MAMA" of vryelik vertaal: "Ons veg nog steeds dieselfde stryd as jy, MAMA." Hierdie plakkaat het ons opgeval en was 'n uitroep wat die moeite werd is om oor na te dink op Jeugdag (16 Junie) ter herdenking van die moed en opoffering van die jongmense wat by die Soweto-opstande van 1976 betrokke was. Dit is geen geheim dat elke geslag Suid-Afrikaanse jeug kampvegters vir verandering was nie en onwillige leierskap en stelsels wat teen verandering gekant was, gewys het dat 'n ander toekoms inderdaad moontlik is. Die onlangse verlede vertel ons egter ook dat studente- en jeugopstande ['n omstrede verhouding met en binne die US](#) het. Ons gevoel is dat die US se institusionele geheue nie die transformatiewe werk of erfenisse van verskillende geslagte studente ten volle inneem en mee skakel nie.

'n Belangrike onderskeid moet tussen on-onthou en vergeet getref word. Vergeet is 'n natuurlike en onvermybare proses van geheue, terwyl on-onthou die doelbewuste proses is om werklikhede wat te pynlik of skandelik is, te onderdruk of uit te vee. Of nog slinkser behels on-onthou die vertel van 'n ander verhaal of leuens om 'n minder ware herinnering te bewaar. Ons hoop hierdie nadenke oor Jeugdag sal 'n bewustheid van die koste van on-onthou skep oor wat met studente in hul stryd vir strukturele verandering by die US gebeur het.

Die waarde van 'n institusionele geheue is dat dit ondenkbaar vir die US sal wees om homself van sy voortgesette rassistiese kultuur te distansieer wat diepgewortel is in sy onwyse geboorte van settelaar-kolonialisme, gedwonge afsettings en die ideologiese geboorteplek van apartheid. Hierdie soort institusionele geheue behoort bewus te wees van die strukturele, simboliese en kulturele vorms van uitsluiting waarvoor elke geslag studente oor dekades heen gewerk het om te ontbloot en te hervorm.

Ten slotte ...

Aangesien Jeugdag in ons nasionale geheue ingebed is as 'n pynlike oomblik om te onthou, glo ons die US kan hierdie herdenkingsdag slegs werklik vier indien die manier hoe dit kies om te onthou, herdink en heeltemal aangepas word en indien die instelling dít wat hy on-onthou het, krities ondersoek. As 'n vertrekpunt en om kollektief sin te maak van tussengeslagtelike jeugstryde, moet ons dit in die US se institusionele geheue inprent dat elke geslag studente verandering versnel het wat die Universiteit dekades sou geneem het om te bereik.

Gedurende die anti-rassisme-saamtrek het 'n studente uitgeroep: "Julle het hierdie keer met die verkeerde geslag te doen ..." Maar wat sal die toekoms oor die US se reaksie op hierdie geslag se eis vir kruisende geregtigheid sê? Sal dit 'n verhaal van 'n instelling wees wat weet hoe om te on-onthou? Die gevolge van on-onthou moenie na môre se jeug oorgedrag word wat weer vra: "Hoeveel is nie afgeneem nie?" Uiteindelik sal die US deur te on-onthou, voorkom dat die onlangse antirassisme-saamtrekke [dieselfde stille dood as hul voorgangers sterf](#), en ook openlik en eerlik oor sy selektiewe institusionele geheue praat sodat nog 'n geslag jongmense nie in opstand hoef te kom en dit uit te daag nie.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

**\*Gideon Basson is 'n hulpdosent en navorser by die HF Opperman-leerstoel in Menseregtereg in die Departement Publieke Reg en Rabia Abba Omar is 'n meesterstudent in Visuele Studie by die *Centre for the Study of the Afterlife of Violence and the Reparative Quest* aan die Universiteit Stellenbosch.**